Heilige Gees
wonderwerke
sonde moslems
duiwel
meditasie
armoede
engele
saamwoon

hemel
gays

**Kan ek alles in die Bybel glo?**

**Moet 'n mens nog kerk toe gaan?**

**Mag Christene aan lotery deelneem?**

**Kan gays hemel toe gaan?**

**Wat is sonde teen die Heilige Gees?**

Ons wonder almal soms oor hierdie soort vrae, maar Bybelkenners en godsdienstige denkers spandeer jare om hierdie kwessies in diepte te ondersoek en deurdink.

In hierdie opwindende nuwe boek ondersoek 50 Bybelkenners van die werklike groot vrae wat mense vir baie jare al vra. Die skrywers sluit in professore en teologiedosente, Christelike skrywers en navorsers, predikante en kenners van die Bybel wat veel dieper as die oppervlak gaan delf het. Hulle poog om die temas van alle kante te belig en weer te gee wat eeue gelede in die Bybel oor elke spesifieke saak gesê is, wat oor die jare deur teoloë daaroor geskryf is, en nuwe denkpatrone te belig en hul eie sienings weer te gee. Vol fassinerende insigte help hierdie boek om die leser weer die misterie van God se grootheid en sy allesomvattende liefde en omgee te ontdek.

**Mag hierdie boek elke leser help om antwoorde op hul geloofsvrae te kry, en om opnuut in die geloof versterk te word.**

**ISBN:** 978-1-77031-125-1 **Kategorie:** Geestelike groei

9 781770 311251

carpe diem MEDIA
jou inspirasie uitgewer

**besoek ons aanlynwinkel by**
www.carpediemwinkel.co.za

# die 50 GROOTSTE GELOOFSVRAE

**Met reguit antwoorde deur bekende Bybelkenners**

**Isak Burger**
**Jan van der Watt**
**Hennie Stander**
**en ander kundiges**

wil regmaak met God en sy naaste. Of dat iemand wat as klein kindjie gesterf het, die wonder van sy of haar kindskap van God verder sal wil ontdek. Of dat mense wat met allerlei gestremdhede geworstel het, hulle nuutgevonde vryheid sal wil ontgin. Ja, daar sal nie een van ons wees wat nie behoefte aan verdere groei en ontwikkeling sal hê nie. En die hemel is die ideale plek daarvoor. Daar kan ons voluit arbei en meewerk aan die koms van God se koninkryk. Want dit is die uiteindelike doel van God met sy skepping: die nuwe hemel en die nuwe aarde.

## Slotsom

Die implikasie van bostaande is: Die hemel begin reeds op aarde! Dit maak die lewe hier baie kosbaar. Die goeie werk wat God reeds nou in ons begin, voer Hy in die hemel bloot verder om dit te voleindig op die dag wanneer Jesus Christus weer kom (Fil. 1:6). Hierdie wete is genoeg om op aarde getroos te leef en te sterf.

## Vir verdere lees


- Helm, P. *The Last Things. Death, Judgment, Heaven and Hell.* 1989.
- König, A. *Die Groot Geloofswoordeboek,* 2006. (Kyk inskrywings: Hemel; Nuwe aarde; Tussentoestand; Wederkoms).
- Moltmann, J. *The Coming of the Lord. Christian Eschatology.* 1996 (Veral die afdeling: "Eternal life: Personal eschatology").


# WAAROM MY GELOOF BELY?


**Prof. Dolf Britz**

Prof. Dolf Britz is professor in Kerkgeskiedenis in die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat. Hy is ook Direkteur van die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies. Sy spesialisgebied is die Reformasie. Sy bekendste bydrae is: 'n Bydrae oor Calvyn se siening oor politieke en sosiale strukture in: HJ Selderhuis (red.): *Calvin Handbuch,* 2008.




*Wat is 'n geloofsbelydenis? Is my geloofsbelydenis belangrik? Is daar nog 'n plek vir geloofsbelydenis in die kerk?*

Vir die Bybel is dit vanselfsprekend dat die geloof bely moet word en dat ons moet kan rekenskap gee van die hoop wat in ons is (kyk Rom. 10:9-10; 1 Pet. 3:15). Oor al die eeue heen het Christene dit ook gedoen. Trouens, vroeg in die eerste eeu van ons jaartelling was 'n skriftelike samevatting van die geloof, wat bekend geword het as die Apostoliese Geloofsbelydenis (of die 12 Artikels), al in omloop. In diens van die evangelie het die destydse Christene en gemeentes hulleself hierin nie net van godsdienste nie, maar ook van teen- en dwaalkerke onderskei. Dit het om waarheid gegaan. Hulle kon nie anders as om rekenskap te gee van die geloof wat in hulle geleef het nie.

Geloofsbelydenisse het met verloop van tyd meer geword.

Dit is met verskillende oogmerke en aksente geformuleer en het, ten spyte van ooreenkomste, onderling begin verskil en mekaar selfs weerspreek. Dit het die uitdrukking geword van kerklike identiteit en tradisie. Die weë het geskei: soveel hoofde, soveel sinne. Ons sit gevolglik met nog 'n vraag: Het 'n saak wat so goed begin het, nie op onherstelbare skeefgroei uitgeloop nie? Meer nog: Het hierdie ontwikkeling nie op die ou einde die Kerk van Christus meer skade berokken as gebaat nie? En, impliseer die vashou aan 'n geloofsbelydenis gevolglik nie die goedpraat van 'n onbehaaglike situasie wat ons as Christene eenvoudig nie meer kan onderskryf nie?

## Belydenisse kom oral voor

Die probleem is dat ons nie maar van belydenisse ontslae kan raak of hulle in die een of ander vergeethoekie kan inskuif nie. Selfs waar kerke nie formele belydenisskrifte het nie, is, dikwels sonder dat dit besef word, die vorm van die erediens, of die verstaan en bediening van die sakramente, of die spiritualiteit en die lied waaraan voorkeur gegee word, byvoorbeeld reeds ingebed in 'n belydenis. Die trefsinne en spreuke waarmee kerke hulleself deesdae toenemend bekendstel, is eweneens niks anders nie as uitdrukking van 'n geloofsbelydenis nie. Dit is 'n onbegonne taak om terug te keer na die veronderstelde eenvoud van die eerste Christene. Dit was trouens toe al 'n probleem.

## Wat is 'n belydenis?

Belydenisse moet teruggevoer word tot die uitgangspunt waarop hulle staan. Op die keper beskou is daar net twee uitgangspunte waarheen alle belydenisse teruggevoer kan word. Dit kan goed verduidelik word met behulp van twee Latynse woorde, naamlik *professio* en *confessio*. *Professio* beteken om te getuig van iets waarvan ek doodseker is, omdat ek self vir die bestaan daarvan verantwoordelik is en dit as sodanig ervaar. *Confessio* wil iets anders onder woorde bring: Dit beteken om iets te bely waarvan ek doodseker is, sonder dat ek vir die oorsprong daarvan verantwoordelik is. Toegepas op die kerk se geskiedenis, staan geloofsbelydenisse met een van hierdie twee woorde in verband.



## Professio-belydenis

Daar was nog altyd Christene en kerke wat hulle belydenisse en leerstellings in die betekenisveld van *professio* begrond het. Wat getuig word, is 'n saak wat nie vreemd is aan my ervaring, vermoëns, insigte en bevinding nie. Dit is in volle harmonie met my geskapenheid as mens en met my menslikheid, waarin daadwerklike verantwoordelikheid 'n sleutelrol speel. Die waarheid van my getuienis is inherent in myself gegrond – daarom is die sekerheid daarvan realisties en eksistensieel. 'n Mens voel onmiddellik aan dat kerke wat die klem plaas op die mens se medeverantwoordelikheid ten opsigte van die regverdiging en heiliging, in die belydenisformulering hier tuiskom. Maar meer nog: Die moderne weergawes van *professio*-belydenisse waarin die waarde daarvan aan die praktiese uitkomste en transformasie gemeet word, hoort ook hier.

## Confessio-belydenis

Hierteenoor gaan dit in die *confessio*-benadering geheel en al om die belydenis van iets in my waarvoor ek nie verantwoordelik is nie. Dit maak dit wat bely word egter nie minder seker nie. Daardie sekerheid het egter wel 'n ander fondament. Dit rus nie op my as mens se geskapenheid of op my ervaring en insigte nie – selfs nie op my geestelike keuses en toewyding nie. Hierdie dinge speel nie die deurslaggewende rol nie – ook nie in die regverdiging en heiliging nie. Dit is ewe eksistensieel, maar die oorsprong daarvan lê buite die mens. Dit setel in die geskiedenis van Christus. Die sekerheid van dit wat ek bely is dus gegrond op die sekerheid van Christus. By belydenisse wat wortelskiet in 'n *confessio* oortuiging, is die maatstaf die Bybel, na sy singewing deur Christus. Tewens, hierdie soort belydenisse staan self daarop dat hulle waarde en seggenskap afhang van hulle ooreenstemming met die Bybel. In hierdie belydenisse leef 'n ander Gees.

## Watter een is reg?

Die belydenis van die geloof (van die beredeneerde formele belydenisskrifte tot die spontane hedendaagse treffers) skiet wortel in een van bogenoemde twee benaderings. Ten diepste is die rede waarom ons belydenisse verskil en selfs teenoor mekaar staan, hieraan toe te skryf. Soms is dit glashelder, soms verberg agter aansprake, pretensies, woordeskat en ook stilswye, maar dit is daar.

*Professio* en *confessio* is duidelik nie in dieselfde grond gegroei nie. Weereens is die vraag: Wie is reg? Wie sal die saak kan uitmaak? Die Bybel? Inderdaad, omdat die saak van belydenis 'n Bybelse saak is.

Maar is die Bybel werklik 'n onaantasbare objektiewe norm?

## Die Bybel as norm

Baie mense beskou die Bybel as die neerslag van die inspirerende geloofservarings van Ou Israel (die Ou Testament) en die eerste Christene (die Nuwe Testament). Die verbintenis tussen ons en die Bybel loop dus langs die lyn van geloofservaring en herinterpretasie. In hierdie geval is die Bybel vir die verwoording van die geloof en sy ervaring niks meer as die begin en oriënteringspunt nie. Die Bybel kry 'n bepaalde voorkeur, omdat dit die oudste en eerste geloofsdokumente bevat. Die maatstaf wat hier geld, is die subjektiewe geloofservaring en -transformasie.

Die enigste rede waarom die Bybel 'n betroubare en konsekwente norm is, is egter omdat ons Christus daarin ontmoet en hoor. Die Bybel is derhalwe die openbaring van Christus. Hierin lê sy uitsluitlike gesag. Dit is nie deur die kerk so besluit of deur gelowiges aan die Bybel toegeken nie. Die Bybel sê dit self. En die Heilige Gees oortuig ons daarvan. Deur die werk van die Heilige Gees erken ons dit en hoor ons die stem van die Goeie Herder daarin. Dit is ook net hier waar ons sy stem hoor. Deur die Woord en die Gees is Christus die gewer en die onderhouer van die geloof wat in ons leef. Hy staan onmiddellik in verband met die Woord, en dus ook die geloof en die belydenis daarvan. So kom ons belydenis in sy diens. Hy staan vry van ons geloofsbelewing, en laat sy Woord ook daaroor geld. Op hierdie manier meet Hy en bring Hy ons belydenis in lyn met sy werk en wil. So versamel, beskerm en onderhou Hy sy kerk in die eenheid van die ware geloof.



## Slotsom

Om met die mond te bely en rekenskap te gee van die hoop in ons, is nie 'n saak van willekeur of ervaring nie. Dié saak kom van Christus. Daarom is dit belangrik. Christus se Woord is die norm om die inhoud van my belydenis én die manier waarop ek dit vergestalt, te verantwoord. En reg te stel as die *confessio* ingeruil word vir 'n *professio*.

## Vir verdere lees


- Jonker, WD. *Bevrydende waarheid: die karakter van die Gereformeerde belydenis.* 1994.
- Pelikan, J en Hotchkiss, V (red.). *Creeds and Confessions of Faith in the Christian Tradition.* 2003.
- McDowell, J. *Evidence that Demands a Verdict: Historical Evidences for the Christian Faith.* 1972.
- Johnson, AF en Webber, RE. *What Christians believe. A Biblical & Historical Summary.* 1984.